

Lupel

Aanbevelings
— van die —
15de Vergadering

van die
Raad van die Kerke

te Kaapstad,
10 Maart, 1937

SUPPLEMENTÊRE VERSLAG VAN DIE AFGEVAARDIGDES NA DIE FEDERALE RAAD.

AANBEVELINGS VAN DIE RAAD VAN DIE KERKE. van vergadering in die Kaapstad op 10 Maart, 1937.

1. Legitimasië — Die toelating tot die Evangeliebediening.—

Artt. 139, 140 en 143 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Artt. 144 tot 155 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Art. 156 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Art. 157 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel met byvoeging van die woorde „namens die Eksamen Kommissie” na die woord „Voorsitter” in reël 2.

Art. 158 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Art. 159 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel, net die rangskikking van die punte is veranderd — punt 2 word punt 3 en punt 3 word punt 2.

Art. 160 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Die Artt. in die Kaapse Kerkwet waarna verwys word lui as volg:—

Art. 139.

Met betrekking tot die aanstaande Predikante van ons Kerk ag die Sinode dit sy plig om 'n duidelike getuïenis af te lê dat hy die wedergeboorte en die persoonlike ondervinding van Gods genade as die hoofvereiste van die Evangeliedienaar beskou.

Art. 140.

Niemand sal as Predikant van die N.G. Kerk in Suid-Afrika toegelaat word nie, tensy hy deur die Actuaris Synodi van een van die Gefedereerde Kerke in Suid-Afrika gelegitimeer is.

Art. 143.

By die aanstelling van die Kommissie sal sewe Secundi benoem word, wat iedereen sy eie vak van die

Eksamen met sy Primarius sal hê. Die Secundus sal deur die Scriba opgeroep word as die Primarius verhinder word om aan die Eksamen deel te neem.

Art. 144.

Die Kommissie vergader eenmaal in die jaar, en wel in of omtrent die maand Desember, ingeval Kandidate hulle betyds aangemeld het. Ook vergader die Kommissie, indien nodig, tot gemoetkoming van studente wat in die buiteland gestudeer het, eenkeer in die loop van die jaar, mits die betrokke student of studente onderneem om die koste aan die samekoms verbonde, te dra.

Die Kommissie bepaal gedurende hoeveel dae die Eksamen sal afgeneem word, en hoe lank in ieder vak sal geëksamineer word.

Art. 145.

Die doel van die Eksamen is om te sorg dat geen ander persone toegelaat word as dié wat die vereiste godsvrug en kundighede besit nie, en tewens dat aan diegene wat hul met loflike vlyt voorberei het, die geleentheid gegee word om hulle bekwaamhede aan die dag te lê, en vir hul daardeur enige gunstige aanbeveling te verwerf.

Art. 146.

(1) Die Eksamen sal in twee dele afgeneem word, t.w.:—

- (a) 'n Wetenskaplike deel deur die Professore, met byvoeging, vir elkeen van die vakke, van één lid van die Kommissie as mede-eksaminator.
- (b) 'n Praktiese deel deur die Kommissie.

(2) Die Wetenskaplike deel sal gaan oor die volgende vakke:—

- (a) Inleiding tot en Inhoud van die Boeke van die Oue Testament.
- (b) Uitlegging van voorgeskrewe Hoofstukke uit die Oue Testament — een uit 'n Geskiedkundige en een uit 'n Digterlike of Profetiese Boek — met grammatiese en tekskritiese vrae.
- (c) Inleiding tot en Inhoud van die Boeke van die Nuwe Testament.

- (d) Uitlegging van voorgeskrewe Hoofstukke uit die Nuwe Testament — een uit die Geskiedkundige Boeke en een uit die Briewe — met grammatiese en tekskritiese vrae.
- (e) Kerkgeskiedenis, insluitende Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Sendinggeskiedenis.
- (f) Leerstellige Godgeleerdheid en Ensiklopedie.
- (g) Geskiedenis van die Kristelike Dogmata.
- (h) Presbiteriaanse Kerkreg.
- (i) Kristelike Moraal.
- (j) Praktiese Teologie.

Art. 147.

Die Wetenskaplike deel sal in die maand November afgeneem word. Die Hoofstukke vir daardie deel word deur die Professore een maand voor die Eksamen aangegee.

Art. 148.

Die Praktiese deel van die Eksamen sal behels 'n ondersoek na die kundigheid van die Kandidaat in die beoefening van die Predikkunde, die Pastoraal en die Homiletiese Bybelverklaring; asook na sy beweegredes en sy geskiktheid vir die Evangeliebediening, ten opsigte van persoonlike godsvrug en gehegtheid aan die leer van die Kerk.

Art. 149.

Die Eksaminandus sal deur oorlegging van 'n skriftelike opstel in die Nederlandse of Afrikaanse taal en één in die Engelse taal, asook deur mondelinge voordrag in altwee tale, sy geskiktheid vir die Predikdiens laat blyk.

Art. 150.

Vir toelating tot die praktiese deel van die eksamen word van elke kandidaat vereis:—

- (a) Bewys dat hy die graad van Kandidaat in die Godgeleerdheid verkry het.
- (b) Bewys dat hy vier jaar lank die lesse met vrug bygewoon het aan die Teologiese Seminarium van die Nederduits Gereformeerde Kerk in

Suid-Afrika, sowel oor die Uitlegging van die Oue en Nuwe Testament, die Leerstellige Godgeleerdheid, die Kristelike Sedekunde, die Kerklike geskiedenis, waaronder begrepe is Geskiedenis van die Kristelike Sending en Praktiese Godgeleerdheid, asook oor die Uitlegkunde en die Oordeelkunde van die Bybel, die Geskiedenis van die Bybelboeke en die Natuurlike Godgeleerdheid.

- (c) Bewys dat hy die Wetenskaplike deel van die Eksamen met goeie gevolg afgelê het.
- (d) Bewys dat hy tweemaal onder voorsitting van een van die Hoogleraars gepreek het — eenmaal in die Nederlandse of Afrikaanse en eenmaal in die Engelse taal.
- (e) Bewys van goeie sedelike gedrag, afgegee deur die Teologiese Professore van die Akademies of Seminariums waar hy sy studies volbring het.
- (f) Kerklike attes met bewys dat hy minstens drie jaar lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is. Die attes mag by die oorlegging daarvan nie ouer as een jaar en ses weke wees nie.
- (g) Bewys dat die klasgelde vir die studietyd aan die Seminarium betaal is.

Art. 151.

Hierdie stukke, met uitsondering van dié vereis kragtens Art. 150 c, moet deur die Eksaminandus minstens een maand voor die Eksamen by die Scriba van die Kommissie ingelewer word; dié sal, nadat hy dit in orde bevind het, dit terstond aan die Voorsitter van die Kommissie opstuur; en ná verkreë toestemming sal hy aan die Eksaminandus berig dat hy voorlopig tot die Eksamen toegelaat word, met kennisgewing van die dae wat vir die Eksamen bepaal is. Die Scriba lê die getuigskrifte aan die Kommissie voor, wat die voldoende moet vind voordat met die Eksamen 'n aanvang gemaak word. Het hy aan die voorskrifte van die wet nie voldoen nie, dan sal terstond hiervan aan hom kennis gegee word, met opgaaf van die redes waarom hy nie tot die Eksamen kan toegelaat word nie.

Art. 152.

Die toelating geskied met meerderheid van stemme en wel met geslote briefies wat „ja” of „nee” behels.

Art. 153.

By die kennisgewing van die besluit tot afwysing sal aan die geëksamineerde aangedui word in watter vakke hy te swak bevind is.

Art. 154.

'n Sodanige persoon sal nie binne een jaar weer tot die Eksamen toegelaat word nie, en hy sal hom intussen van die openbare Evangelieprediking moet onthou. Nadat hy driemaal afgewys is, kan hy nie weer tot die Eksamen toegelaat word nie.

Art. 155.

Die geëksamineerde, as hy toegelaat is, sal met 'n plegtige eed verklaar dat hy, om 'n standplaas te verkry, geen ooreenkoms aangegaan of gifte gegee het nie, of ooit sal aangaan of gee nie; en dat hy nie daarvan bewus is dat dit deur iemand van sy kant, of in sy belang, aangegaan of gegee is, of aangegaan en gegee sal word nie; en dat hy ook nimmer 'n standplaas sal soek of aanneem waarvan hy kan vermoed dat dit deur enige voorwaarde, belofte of watter middele ook van 'n voorafgegane ooreenkoms, aan hom opgedra word.

Art. 156.

Hy sal bowedien die navolgende plegtige verklaring en belofte aflê, en met sy naamtekening bekragtig:—

„Ons, ondergetekendes, deur die Kommissie van Eksaminatore van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika tot die openbare Predikdiens in die Gereformeerde Kerk geadmitteer, verklaar opreg en in goeie gemoede voor die Heer, met ons naamtekening, dat ons van harte geloof dat al die Artikels en Stukke van die Leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Enigheid—naamlik, die Nederlandse Geloofbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 en 1619 aangeneem — ooreenkom met Gods Woord. Ons belowe om die voornoemde Leer naarstig te leer en in ons wan-

del getrou te handhaaf, sonder om iets teen dié Leer, hetsy direk of indirek, te leer of te skrywe. En gelyk ons hierdie Leer te goeder trou aanneem en hartlik geloof, so verwerp ons alle dwalinge wat teen hierdie Leer stry, en is ons geneë om dié te weerlê, teë te spreek, en alle arbeid aan te wend om dié uit die Kerk te weer. Ons belowe om ons op die uitbreiding van die Ryk van die Verlosser, deur die bevordering van godsdienstkennis, Kristelike sedes, orde en eendrag, met alle ywer toe te lê; en om ons aan die Verordeninge deur die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gemaak, te hou. Ons verbind ons deur ons handtekening tot al die voormelde.

En indien dit mag gebeur dat ons later enige beswaar of ander insig omtrent hierdie Leer kry, so belowe ons dat ons dit nòg openlik nòg heimelik sal voorstaan, leer of verdedig, deur prediking of geskrif, voordat ons dit aan die Sinode sal openbaar, om aldaar nader ondersoek te word.

En indien enige bevoegde Kerklike liggaam te eniger tyd, ten einde die enigheid en suiwerheid van die Leer te bewaar, dit goedvind om 'n nadere verklaring van ons gevoele omtrent een of meer van die voormelde Artikels te eis, so belowe ons hierby plegtig dat ons daartoe altyd gewillig en bereid sal wees.

En indien dit gevind word dat ons teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte dienaangaande gehandel het, so belowe ons om ons aan die uitsprake van die bevoegde Kerklike Vergaderinge te onderwerp."

Art. 157.

Die geëksamineerde sal hierop, met 'n gepaste toespraak deur die Voorsitter, tot die Evangeliebediening toegelaat word, en die navolgende getuigskrif, deur die Voorsitter en die Scriba van die Kommissie onderteken, sal aan hom afgegee word:—

„Aangesien voor die Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verskyn is N.N., wat versoek het om tot die Eksamen toegelaat te word, ten einde admisssie tot die predikdiens te bekom, en ons bevind het dat die Kerklike attestasie, benewens die getuigskrifte afgegee deur die Professore in die Heilige Godgeleerdheid in..... besonder ook aangaande sy sedelike gedrag, in goeie orde was, het ons

geen swarigheid gemaak om hom tot die Eksamen toe te laat nie, en het ons hom, volgens die Reglement op die Eksamen, noukeurig ondersoek ten opsigte van al die vakke wat in gemelde Reglement opgenoem word, en dit met die uitslag dat ons gemelde N.N. tot die predikdiens toegelaat het, nadat hy die plegtige eed by Art. 155 gevorder, gedaan het, en ook die vereiste verklaring (Art. 156) van ooreenstemming met die Leer wat, ooreenkomstig Gods Heilige Woord is, en in die aangenome Formuliere van Enigheid van die Nederduits Gereformeerde Kerk vervat is, plegtig afgelê het en geteken het.”

Art. 158.

Nadat hy toegelaat is, betaal die geëksamineerde aan die Sinodale Fonds die som van vyf pond (£5) sterling.

Art. 159.

Die aldus geadmitteerde verkry die titel van Kandidaat tot die Heilige Diens en word as sodanig deur die Actuarius gelegitimeer.

Van die uitslag van die Eksamen, sowel as van sy legitimasie, sal terstond in die Offisiële Orgaan van die Kerk kennis geskied.

Solank hy egter nie deur handoplegging as Predikant bevestig is nie, sal hy nie geregtig wees om die Bondseëls te bedien nie.

Art. 160.

Predikante of Kandidate tot die Heilige Diens wat hulle aan die Ned. Geref. Kerk aanbied, en wat nog nie by ons, soos hierbo vermeld, gelegitimeer is nie, sal hulle, om beroepbaar te wees, by die Actuarius Synodi moet laat legitimeer. By hulle legitimasie sal 'n Kerklike bewys gevorder word dat hulle van goeie sedelike gedrag is; en verder bewys dat hulle aan 'n erkende Universiteit of Seminarium al die aldaar vereiste studies volbring en die Eksamens afgelê het, en dat hulle Kandidate tot die Heilige Diens by 'n Provinsiale of Klassikale Kerkbestuur, of Provinsiale Konsistorie of Presbyterium is, en ook beroepbaar is in die Kerk waarin hulle tot die Bediening toegelaat is. Voordat hulle kan gelegitimeer word, sal hulle aan 'n colloquium doctum met die Kommissie van Eksaminatore moet onderwerp. En eers na-

dat 'n voldoende getuigskrif van die Kommissie ontvang en alles in orde bevind is, sal die Actuarius hulle legitimeer en as gelegitimeer bekendstel.

Hulle sal nie beroepbaar gestel word nie, alvorens hulle die ouderdom van twee-en-twintig jaar bereik het. En by hulle legitimasie sal hulle die plegtige verklaring en belofte in Art. 156 vervat aflê en met hulle naamtekening bekragtig.

2. **Verlies van Regte.** Art. 164 sal lees as volg: „'n Predikant verbeur sy Akte van Toelating wanneer hy:—

- (a) Skriftelik kennis gee aan die Actuarius van die Sinode dat hy die amp van Predikant van die Ned. Geref. Kerk neerlê.
- (b) deur die Sinode afgesit word.
- (c) Sy werk in diens van die Kerk neerlê om enige ander loopbaan, hetsy geestelik of sekulêr, te volg, indien hy nie van die Sinode, of tussen die sittings in voorlopige en voorwaardelik — hangende die beslissing van die Sinode — van die Sinodale Kommissie vergunning verkry het om sy Akte van Toelating te behou nie.

Artt. 166, 167, 168 en 169 (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Art. 166.

'n Predikant wat in 'n ander Gereformeerde Kerk as die Gefedereerde Kerke as Predikant van 'n gemeente werksaam is, sal nie opnuut beroepbaar wees nie, behalwe ná die oorlegging van 'n bewys van goeie sedelike gedrag en van sy Akte van Demissie, en nadat 'n colloquium doctum met die Kommissie van Eksaminatore gehou is om sy gehegtheid aan die leer van ons Kerk te laat blyk.

Art. 167.

Predikante en Kandidate tot die Heilige Diens wat hulle studies aan 'n Buitelandse Universiteit voortgesit het, sal, as hulle beroep word, nie bevestig mag word nie, behalwe ná die oorhandiging van 'n bewys van goeie sedelike gedrag, en die vernude ondertekening van die Akte vervat in Art. 156.

Art. 168.

In geval van die skorsing van 'n Predikant vir 'n onbepaalde tyd, met verlies van traktement, het die Ring die mag en reg om hom uit die diens van die gemeente te ontslaan, met verlies van al die regte en voorregte wat aan die standplaas verbonde is. (Sien Art. 368 (1) e).

Art. 169.

As die legitimasie van die Predikant om die een of ander rede verval, of as 'n Predikant wie se legitimasie verval is, opnuut gelegitimeer word, sal die Actuarius Synodi daarvan offisieel berig doen. En die status van sodanige Predikant sal in die ander Gefedereerde Kerke dieselfde wees as in die Kerk waarin sy legitimasie verval is, of waarin hy opnuut gelegitimeer is.

3. **Herstel van Regts.** Art. 368 (7) (Kaapse Kerkwet) aangeneem en aanbeveel.

Art. 368.

- (7) Die herstel van 'n afgesette bedienaar van die Woord geskied deur die Sinode op aanbeveling van die Ring, wat hom geskors het, en wel op die volgende voorwaardes:—
- (a) Na gebleke grondige boetvaardigheid.
 - (b) Na die opheffing van die sensuur deur die Ring, wat dit opgelê het.
 - (c) Nadat hy 'n getuigskrif van die Kerkraad, waaronder hy ressorteer, getoon het dat hy in ieder opsig onberispelik is.
 - (d) Indien die sonde, waaroor hy afgesit is, nie tot die mees ergerlike gevalle van oortreding behoort nie.

In gevalle van die mees ergerlike wangedrag (soos owerspel, moord, meined, growwe diefstal en wat verder deur die Sinode as sodanige ergerlike misdrywe beskou mag word) sal daar geen herstel van 'n afgesette bedienaar van die Woord geskied nie, omdat die eer van God en die welsyn van die Kerk dit verbied.

Onder bedienaar van die Woord is begrepe Hoogleraars, Predikante, Sendelinge en Kandidate tot die Heilige Diens.

4. **Aansluiting by Christenraad.** „Die Raad het gelet op die aanbeveling van sy Kommissie vir Naturellesake—, „dat aansluiting by die Christenraad van Suid-Afrika by die verskillende Sinodes sal aanbeveel word” — asook op die besluit van die Kaapse Sinode (Oktober, 1936) „om op hierdie tydstip nie by die Christenraad aan te sluit nie, maar om wel opening te laat vir samewerking.”

Die Raad besluit om by die Sinodes van die 4 Gefedereerde Kerke vereers aan te beveel dat hulle, op grondslag van die Sendingbeleid, soos neergelê in die Raad sitting op Durban in 1935, met die Christenraad sal saamwerk.”

5. **Inskrywing Name van Doopouers.** Die Raad van die Kerke beveel by die verskillende Sinodes aan dat daar eenvormigheid sal wees by die inskrywing van die name van doopouers, en dat dit meer in ooreenstemming is met die wese van die huwelik dat die moeder se „van” dieselfde sal wees as die van die vader, met byvoeging van haar geboorte-van, b.v. Marais, geb. van Dyk.

6. **Brosjure — Heiligheid van die Huwelik.**

VOORWOORD.

Geliefde broeder en suster, om u onder die ernstige besef te bring van die stap wat u wil doen, lê ons hierdie woord oor die Heiligheid van die Huwelik, saam met die Huweliksformulier in u hand, met die versoek om dit aandagtig en biddend te lees, te bewaar, en van tyd tot tyd te herlees.

Die Heiligheid van die Huwelik.

„Toe kom die Fariseërs na Jesus om Hom te versoek, en sê vir Hom: Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes sy vrou te skei? en Hy antwoord hulle dit: Het julle nie geles dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” Matt. 19 : 3-6.

1. Daar is drie groot goddelike instellings wat onafskeidbaar verbind is met die maatskaplike lewe, naam-

lig die **Huisgesin**, die **Staat** en die **Kerk**. Van hierdie drie is die Huisgesin die oudste.

Die welsyn van die maatskaplike lewe in al sy afdelings hang af van die suiwerheid van die Huisgesin, wat die bron van alles is. Die Staat en die Kerk kry hulle lede uit die Huisgesin. As die bron onsuiver is, dan is die stroom noodwendig onsuiver. Hoe belangrik is dus die Huisgesin, en gevolglik ook die Huwelik, wat die grondslag van die Huisgesin is.

God het in die begin man en vrou geskape en hulle as egliede daargestel (Gen. 1 : 28; 2 : 18, 22) Hy het hulle bymekaar gebring (Gen. 2 : 22). Ons kan dus met reg sê dat die Here God die eerste huwelik voltrek het.

2. Die huwelik bring iets wonderliks teweeg. Dit maak twee persone één. Van die huwelik wat God voltrek het tussen die eerste mensepaar het Hy verklaar: „En hulle sal een vlees wees.” (Gen. 2 : 24). Die Here Jesus het gesê: „En hulle **twee** sal één vlees wees.”

’n Huwelik op christelike grondslag is dus ’n eenwording van twee persone. So wesenlik is die vereniging of eenwording tussen man en vrou deur die heilige egband dat die Woord van God sê „Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief.” (Efesiërs 5 : 28).

3. So heilig is die huwelik dat dit gebruik word as ’n beeld om die tere, onverbreekbare verhouding voor te stel wat daar bestaan tussen die Here en die gelowige. (a) In die Ou Testament word die verhouding tussen God en Israel dikwels voorgestel onder die beeld van die huwelik. Daarom ook word afdwaling van God dikwels beskryf as geestelike ontug. (b) In die Nuwe Testament word die huwelik eweneens gebruik as beeld van die noue vereniging, ja die eenheid, tussen Christus en die verlostes. Hoor hoe die Apostel Paulus dit uitdruk: „Want ons is lede van sy liggaam (Christus se liggaam), van sy vlees en van sy been. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op **Christus en op sy gemeente**. (Ef. 5 : 29-32). Die huwelik dien dus om die heiligste van alle verhoudings, die naamlik tussen Christus en sy Bruid — die verlostes — uit te beeld.

4. Uit die voorgaande blyk dat die huwelik nie ’n bloot siviele kontrak is wat so aanstonds weer kan ver-

breek word nie, soos maklik kan afgelei word uit die gebruik van die persone wat huwelike in die Magistraatskantoor sluit. Inteendeel, in die plegtige Huweliksformulier, wat gegrond is op die Woord van God, beloof die egliede **voor God** om mekaar nooit te verlaat nie. „Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie,” het die Here Jesus gesê.

Die Heilige Skrif sê dat net die dood, en niks anders as die dood die huweliksband mag verbreek nie (1 Kor. 7 : 39, „'n Vrou is deur die wet gebind solank as haar man lewe; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in die Here”) Sien ook Rom. 7 : 1-3.

5. Hoe groot is dus die sonde van die persoon wat 'n huwelik breek. Teen daardie groot sonde waarsku die Woord van God herhaaldelik. In die Tien gebooie wat God self neergeskryf het word gesê „Jy mag nie egbreek nie” (Ex. 20 : 14), „Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie.” (Ex. 20 : 17).

Ja, die Woord van God veroordeel in die sterkste bewoording die ontheiliging van die huweliksband. Onder die Ou Testament moes die egbreker selfs met die dood gestraf word. (Lev. 20 : 10), omdat hy of sy die huwelik verbreek, die huislike lewe ruineer, die maatskaplike lewe verontreinig en die fontein wat Kerk en Staat voed, besoedel. In die Nuwe Testament staan daar ook uitdruklik „God sal hoereerders en egbrekers oordeel.” (Hebr. 13 : 4). Sien ook 1 Kor. 6 : 10.

Aan die ander kant hou die Skrif vir ons lieflike taferle van huweliksgeluk en huweliksgetrouheid voor. Geen skoner ideaal kan daar bestaan as om die verhouding tussen man en vrou te laat wees soos die tussen Christus en Sy Kerk, 'n verhouding van onderlinge liefde en onderlinge getrouheid. As die huweliksverplichtings in hierdie gees nagekom word, dan is die huwelik 'n middel tot groot seën en tot verheerliking van die Naam van die Here. Huweliksgeluk is verseker as albei persone in die gees van liefde saamwerk. Albei sal moet opoffer, albei sal christelike selfbeheer moet beoefen, albei sal moet waak en bid, en albei sal enige sweem van ontrouheid en onkuisheid moet bestry en verwerp. Dan is daar voor albei 'n ryke beloning van huweliks-vreugde.

Ja, blywende huweliksgeluk is alleen moontlik as die heiligheid van die huwelik steeds voor oë gehou word, en die lewe, met die vrees van God in die hart, na sy woord ingerig word. Aangesien dit alleen die genade van God is wat daartoe in staat kan stel, moet daar gedurig in diepe afhanklikheid tot God opgesien word in die gebed.

Waar liefde woont, gebiedt de Heer den zegen:
Daar woont Hij self, daar wordt zijn heil verkregen,
En 't leven tot in eeuwigheid.

Met die bede dat die seën van God by voortdoring op u mag rus.

Gebed (Afrikaans) sien bygaande gebed soos deur die Raad van die Kerke vroeër goedgekeur.

GEBED.

Almagtige God, Gewer van alle goeie gawes en volmaakte gifte, Leidsman en Steun van almal wat op U vertrou! Ons bid U, dat U genadiglik U seën wil laat neerdaal op hierdie egpaar; dat U die liefde, wat U in hulle harte vir mekaar gewek het, wil heilig en bestendig, sodat hulle mekaar altyddeur mag dra en verdra, in voor- en in teenspoed, in gesondheid en in krankheid, onder vreugde en leed, en so vir mekaar 'n steun en bemoediging mag wees op die weg van die ewige lewe. Laat U aanskyn steeds oor hulle lig, en laat alle dinge vir hulle meewerk ten goede. Bewaar hulle, Hemelse Vader, van die verleiding van die rykdom, en van die bekommernis van die armoede. Laat hulle in hul beroep naarstig arbei tot voorsiening in hulle eie behoeftes, en tot vervulling van die nooddruf van andere. Maak hulle woning 'n huis Gods, en gee dat U Woord die rigсноer van hulle lewe mag wees. Mag hulle op waardige wyse die pligte van die lewe vervul, die sorg van die lewe verdra, die versoeking van die lewe bestry, en die vreugde van die lewe geniet. Spaar hulle genadiglik, O Ewige God, gedurende vele jare in gesondheid vir mekaar en vir hulle dierbares, en mag hulle, namate die jare aan hulle lewe toegevoeg word, toeneem in die genade, en tot in hoë ouderdom self geseën, en vir andere tot 'n seën wees. En as hulle hul geslag en U raad op aarde gedien het, verleen hulle dan 'n ruime ingang in die Ewige Koninkryk van ons Heer en Saligmaker, Jesus

Christus. Verhoor ons, Vader van alle barmhartigheid, deur Jesus Christus, U liewe Seun, onse Heer. Amen.

7. **Afrikaanse Formulierboek.** „Die Raad wens wens beskeidenheid aan te beveel:

- (a) dat die H.E. Sinode die Afrikaanse Formulierboek, sonder om dit tans finaal goed te keur, in gebruik sal neem:
- (b) dat die H.E. Sinode sal versoek dat 'n kommissie uit die Raad van die Kerke die Formulierboek sal nasien, en die vrug van hulle arbeid (desnoods met aanbevelings) sal voorlê aan die geagte vertalers, om also gesamentlike optrede en samewerking te verseker, met die oog op die verkryging van 'n Formulierboek (by die éersvolgende herdruk) wat in beide vorm en inhoud so goed as moontlik sal wees.
- (c) dat die aangestelde kommissie eindelik die resultaat van sy arbeid aan die Sinodes van die Gefedereerde Kerk sal voorlê;
- (d) dat die H.E. Sinode intussen sy ingenomenheid oor die eindelike verskyning van 'n Formulierboek in Afrikaans, sal uitdruk, en 'n woord van innige dank rig tot die vertalers vir hulle arbeid ook in hierdie opsig;
- (e) dat die inhoud van hierdie rapport gebring sal word onder die aandag van:
 - (i) die Sinodes van die ander Gefedereerde Kerke.
 - (ii) die vertalers.
 - (iii) die Scriba van die Raad van die Kerke, vir voorlegging aan die eersvolgende sitting van hierdie Raad.
 - (iv) die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, die uitgewers.”

8. **Volksgenote in Argentinië.** „Na aanleiding van die besluit van die Sinode van die Kaapse Kerk 1936, insake die uitgewekenes van ons volksgenote in Argentinië, en aangesien die Regering sy weg nie ope sien om die repatriasie self te onderneem nie, hoewel hy hom bereid verklaar het om alles in sy vermoë te doen, onder bestaande landswette, en terugkerendes daadwerklik behulpsaam te wees, so spreek hierdie vergadering sy

genoeë uit dat van Kerkweë 'n kragtige poging nou sal aangewend word ten behoeve van diegene wat verlang om terug te kom, en wil hy die betrokke kommissie verseker van sy hartelike steun."

9. **Dankdag, 2 Mei, 1937.** „Aangesien ons land, na enkele jare van depressie, 'n tyd van buitengewone voorspoed op stoffelik gebied ingetree het, en aangesien dit baie opmerklik is, dat dit gedurende die afgelope jaar nie noodsaaklik geag werd om selfs 'n enkele dag van verootmoediging en gebed te bepaal nie, so besluit hierdie vergadering om aan die hand te gee dat die Moderature van die ander drie gefedereerde Kerke saam met die Kaapse Kerk, die eerste Sondag van Mei, 1937 as 'n Algemene Dankdag sal bepaal."

10. **Besluit Kaapse Sinode i/s. Oorlog en Vrede.**
Aanbeveel deur die Raad.

Die Raad wens voorop te stel die engeleboodskap op die velde van Efrata uitgespreek met die geboorte van die Vredevors: „Ere aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!"

In die lig van hierdie woord wens u kommissie dus aan te beveel dat die H.E. Sinode hom as volg uitspreek:

- (1) Dat die benarde wêreldtoestand en die gespanne verhouding tussen die volke te wyte is aan die toenemende afvalligheid van God en Sy Woord.
- (2) Dat die Sinode die heersende gees van wantroue en suspisie tussen die volke van die wêreld diep betreur en sy besorgdheid uitspreek oor die huidige wedloop in bewapening.
- (3) Dat dit die oortuiging van die Sinode is dat van wapengeweld in 'n wêreldkrisis soos die huidige geen heil te wagte is nie, en dat regerings alles behoort in die werk te stel om die oorsake van wrywing en naywer onder die volke te ondersoek en uit die weg te ruim deur middel van internasionale onderhandelinge, arbitrasie, en deur die instituut van die Volkebond — en nie deur oorlog nie, wat die wêreld slegs in ongekende ellende sal dompel.
- (4) Dat ons Regering gevra word om in hierdie gees daadwerklik op te tree deur sy verteenwoordiger in die Volkebond.

- (5) Dat daar samewerking met ander christelike Kerke en vredesorganisasies sal wees in die bevordering van vrede tussen die volkere van die wêreld en om met vertroue op God in die gees van hierdie oproep aktief werksaam te wees.
- (6) Dat ons Kerk in sy prediking 'n duidelike klank sal laat hoor ten opsigte van die verwydering van die mure van misverstand, haat en nyd en die aansporing tot vrede.

Die Raad is van gevoele dat die volgende toelighting van die skriftuurlike standpunt omtrent oorlog by die rapport oor „Vrede” op sy plek is, nl.:

- (1) Dat op grond van die Skrif nie aan alle oorlog die bestaansreg onvoorwaardelik ontsê kan word nie. Volgens die Ou Testament is dit die Heer wat Israel lei en help in die stryd (Rigt. 4 : 14; Ps. 18 : 35), en aan die volk die oorwinning gee. En nêrens in die Nuwe Testament word die krygsmanstand veroordeel nie. In Luk. 3 : 14 sê die Doper nie dat die soldate hul bedryf moet staak nie, maar wel hoe hulle hul daarin moet gedra. Jesus het Hom verwonder oor die geloof van die kaptein van Kapernaum (Matt. 8 : 10). Paulus ontleen sy beelde vir die christen se stryd aan die krygsdiens (Ef. 6 : 10-18).
- (2) Dat die christelike etiek steeds aan die noodweer sy plek toegeken het en 'n regverdige oorlog as sedelik geoorloof beskou het, d.w.s. 'n oorlog wat aan die eis van hoër beginsels voldoen, tot handhawing van die geregtigheid dien, en nie anders as in die uiterste nood onderneem word nie. Immers die owerheid dra die swaard — ook die oorlogswaard wanneer die dood dit vereis — nie tevergeefs nie (Rom. 13 : 4).
- (3) Dat die strewe van die pasifisme na 'n duurzame wêreldvrede in hierdie bedeling geen steun in die Skrif vind nie. Die mag van die sonde wat verantwoordelik is vir die oorlog werk voort tot die voleinding. En volgens die profetiese woord van Christus sal daar selfs

in die laaste tye wees oorloë en gerugte van oorloë (Matt. 24 : 6, 7; Luk. 21 : 9, 10; Openb. 6). Wel mag hierdie woorde nie opgevat word as 'n aanmoediging om kryg te voer nie, maar hulle is dan tog 'n profesie wat ons vir misrekening moet bewaar.

- (4) Nietemin is die oorlog eweas elke ander lewens-ramp, hoewel nie altyd 'n etiese nie, dan tog steeds 'n fisiese kwaad wat juis daarom moet en mag bestry word. En hier rus op die Kerk wat tot roeping het die verkondiging van die Evangelie van vrede, 'n dure plig, nl. om die goeie in elke vredesbeweging te steun, en hom te kant teen alle oorlogsverheerliking, en teen die aanvuur van die oorlogsgees.

II. Interkerklike Kommissie: Reglement. —

1. Dat die Raad van die Kerke die stigting van 'n Tussen-kerklike Kommissie by die verskillende Sinodes en by die Sinodale Kommissie of Sinode van die Kaapse Kerk sal aanbeveel met die hoop dat daar spoedig verteenwoordigers deur elkeen van die ses Kerke benoem sal word.

2. Dat daarby aan die hand gegee word dat so'n liggaam uit hoogstens **twee** lede van die Sinodes van die Kaapse Kerk, O.V.Staatse, Transvaalse, Hervormde en Gereformeerde Kerke sal bestaan en **een** van die Natalse; tesame dus elf lede.

3. Dat die vergadering also in die lewe geroep geen administratiewe of wetgewende mag sal hê nie, maar enkel ten doel sal hê die bespreking van punte van algemene belang tot onderlinge stigting en opbouing en tot nouere toehaling van die broederband.

4. Dat indien die onderlinge besprekinge aanleiding mag gee tot besluite, dit dan vir nader oorweging, as gevolg verwys sal word: wat betref die Ned. Herv. en die Gereformeerde Kerke — na die Sinodes van daardie Kerke, wat betref die Gefedereerde Kerke Ned. Ge-ref. Kerke — na die Raad van die Kerke met die oog op deursending na die Sinodes.

5. Dat die tyd en wyse van samekomste deur die benoemde vergadering self sal bepaal word. Dit word vir die te stigte kommissie in bedenkning gegee dat dit 'n

tegemoetkoming sou wees as hulle vergadering, wanneer enigsins moontlik, net voor die vergadering van die Raad van die Kerke gehou kan word, dit ook met die oog op verder broederlike omgang met mekaar en verder konferensie oor punte van gemeenskappelijke belang.

Die eerste samekoms van die kommissie sal opgehoop word deur die Moderatuur van die Federale Raad, wat ook, in oorleg met die afgevaardigdes, die Agenda vir die eerste samekoms sal opstel.

Die hoop word gekoester dat die Tussenkerklike Kommissie nog voor die einde van hierdie jaar (1937) saamgestel sal word.

6. Dat elke Sinode voorsiening sal maak vir die uitgawes van sy respektiewe afgevaardigdes na die vergaderings van die Kommissie, en dat ander uitgawes betaal sal word deur die Sinodes in eweredigheid met die getal van hulle afgevaardigdes.

12. **Jaarboek — Verspreiding van.** „Die Raad van die Kerke beveel beskeidenlik aan by die Sinodes dat die kerklike Jaarboek by die verskillende kerkrade sal gebruik word by die katkisasie klasse, om die toekomstige lidmate beter bekend te stel met aangeleenthede en werksaamhede van die kerk. Also sal vanself die waarde van die genoemde uitgawe onder die lidmate van ons kerk gebring word.”

Meerder Verspreiding Jaarboek.

„Hierdie H.E. Vergadering doen 'n dringende beroep op al ons Kerkrade om alle moontlike pogings aan te wend om ons Kerklike Jaarboek in elke huis in hulle ressort te probeer kry.”

„Kerkrade sal veel hulp vind in die verspreiding van ons Kerklike Jaarboek. Die Sinode verwag dat ons Kerkrade hierdie saak met meer erns sal aanpak.”

13. **Acta Sinodi. Aan lede van die Raad van die Kerke.** „Die 4 Sinodes van die Gefedereerde Kerke word vriendelik versoek om aan elke lid van die Raad van die Kerke 'n eksemplaar van die Akta van die verskillende Sinodes te stuur, na afloop van elke Sinodale Vergadering.”

J. P. VAN DER SPUY,

Scriba van die Raad.

Reitz,

6 April, 1937.